NINHAM SHAND

GESTIG IN 1932

**BEAUFORT WES MUNISIPALITEIT**
**KENNISGEWING NR. 113/2008**

**TENDERKENNISGEWING EN UITNODIGING OM TE TENDER**

Die Beaufort-Wes Munisipaliteit vra tenders vir :

**Kontrak Nr. T/20/2008 : NELSPOORT BEHUISINGSPROJEK : KONSTRUKSIE VAN SIVIELE DIENSTE EN TOPSTRUKTURE VIR 216 ERWE**

Die Kontrak behels die volgende :
a. Skoonmaak van terrein,
b. Konstruksie van gruispaaie,
c. Konstruksie van stormwater, riool en waternetwerk
d. Konstruksie van 216 topstrukture
e. Rehabilitasie van terrein na konstruksie

Tenderaars moet by die CIDB geregistreer wees in ’n 6CE Klas van konstruksiewerke, en moet ’n graderingsbenoeming hê gelyk aan, of hoër, as dié bepaal in ooreenstemming met die getenderde bedrag en die beraamde konstruksiewaarde met ’n ordegrootte tussen R5 000 000 en R 10 000 000.

Tenderaars wat vir konstruksie van topstrukture wil tender moet by die NHBRC geregistreer wees.

Tenderaars wat vir beide konstruksie en siviele dienste wil tender moet by beide CIDB en NHBRC geregistreer wees.

Voorkeur word verleen aan tenderaars wat voldoen aan die maatstawwe soos uiteengesit in die Tenderdata.

Slegs tenderaars wat voldoen aan die verkiesbaarheidsmaatstawwe uiteengesit in die Tenderdata, is geskik om tenders in te dien.

Tenderdokumente is gedurende werksure vanaf **05 September 2008** by Ninham Shand se kantore beskikbaar te Suite 201, 2de Vloer, Bloemhof Gebou, Yorkstraat 65, George.

’n Stel tenderdokumente sal uitgereik word aan ’n voornemende tenderaar teen betaling van ’n bedrag van R228-00 (BTW ingesluit) in die vorm van ’n gekruisde tjek uitgemaak aan die Beaufort-Wes Munisipaliteit. Hierdie bedrag is terugbetaalbaar indien ’n bona fide tender betyds ingedien word of indien al die dokumente terugbesorg word voor die sluitingsdatum. SAFSEC lede het ’n spesiale reëling met betrekking tot die betaling van die deposito. Addisionele stelle tenderdokumente is beskikbaar teen ’n nie-terugbetaalbare bedrag van R228-00 (BTW ingesluit) per stel.

Navrae in verband met die uitreik van dié dokumente kan gerig word aan Mnr A Keyser, tel nr. 044-874 2165, faks nr 044-873 5843, of epos grginfo@shands.co.za

’n Verpligte terreinbesoek sal deur die Ingenieur gehou word by die Nelspoort Raadgewende Kantore, op **Dinsdag 16 September 2008** om **10:00**.

Die sluitingstyd vir tender-ontvangs is **12:00** op **Vrydag 03 Oktober 2008**. Telegrafiese, telefoniese, gefaksde, epos en laat tenders sal nie aanvaar word nie.

Die Munisipaliteit se tenderbus is toeganklik gedurende normale kantoorure vanaf 07:30 tot 16:15, Maandag tot Vrydag en is geleë by die Beaufort-Wes Munisipale Kantore, Donkinstraat 112, Beaufort-Wes.

Tenders mag slegs ingedien word op die tenderdokument wat uitgereik is.

Vereistes vir die verseëling, adressering, aflewering, oopmaak en evaluering van tenders word in die Tenderdata uiteengesit.

Munisipale Kantore
Donkinstraat 112
**Beaufort-Wes**
6970

**J. Booysen**
**Munisipale Bestuurder**